Monsonia angustifolia (Fam. Geraniaceae)

E: Crane's bill, Dysentry herb

A: Angel-, naalde-, tee-, assegaai- of alsbossie

Groeivorm: Kort kruiebossie tot 45 cm hoogte

Die **stingels** is liggroen of groen-rooi, groei regop en is bedek met haartjies van twee verskillende lengtes, baie kort (met kliere op) en enkeles van 3 mm lengte.

Die **blare** is smal, 5 tot 7 cm lank, dikwels effens gevou in die middel, blaarkante getand en gegolf, blaarsteel tot meer as 2 cm lank

Blomme kan heeltemal wit lyk of 'n pienk of blougrys skynsel hê; die stempel is dikwels blou. Elke bloeisel blom slegs enkele ure vanaf laat oggend tot namiddag.

Daarna ontwikkel die eienaardige "assegaai"-**vrug**.

In suidelike Afrika word hierdie plant gebruik om allerhande kwale (bv. aambeie, spatare, miltsiekte by mens en dier, verteringsprobleme, sooibrand en maagsere, slangbyt en seer oë) te behandel. By die San-mense speel die plant 'n rol vir jagters en manne wat vrou soek. Die plant ruik aangenaam. Die **sade** is uit mierneste gehaal om daarvan pap of bier te maak. Dis altyd 'n mooi verrassing om hierdie pragtige blomme tussen die grasse raak te sien.

Inligtingsbronne: Field Guide to the Plants of Northern Botswana incl. the Okavango Delta (Alison & Roger Heath)
Flowering Plants of the Southern Kalahari (Noel & Gretel van Rooyen)
Wildflowers of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Wildflowers of the Southern Namib (Coleen Mannheimer, Gillian Maggs-Kölling, Herta Kolberg, Silke Rügheimer)
Gemsbok Bean & Kalahari Truffle (Arno Leffers)
Wildflowers of the Waterberg (RSA) (Lynn Wadley, Linda Willemse, Kerry Baytopp, Jonathan Swart, Joseph Heymans, Warwick & Michèle Tarboton)

Teks en foto's: Anka Eichhoff Februarie 2023